

2 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 2:1-13

Moenie soos die wêreld maak nie

Die kerk is *in* die wêreld maar nie *van* die wêreld nie. Lidmate van die kerk is *dood* vir die wêreld maar *lewend* vir God. Dit is iets wat ons soms so vinnig uit die oog verloor. Baie doen hul bes om die binnekant van hul kerke soos die wêreld daarbuite te laat lyk. Dit is weens sulke “kerke” dat ‘n teoloog die opmerking gemaak het dat mense al hoe meer die “kerk” verlaat en na God terugkeer.

Die kerke aan wie Jakobus skryf, het dieselfde gevaar geloop. Hulle het net soos die wêreld ‘n onderskeid begin tref tussen ryk en arm, hulle het net soos die wêreld begin diskrimineer. Die ergste was dat die einste rykes wat so deur hulle op die hande is, hulle uitgebuit het! Hierteenoor sê Jakobus dat ons die wet van die koninkryk van God moet navolg wat sê: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

In die kerk van Christus is daar dus nie plek vir hoogmoed, diskriminasie, jaloesie of afguns nie. God het immers deur Christus die grootste liefde aan ons bewys sonder dat ons ‘n vinger verroer het. Hy het nie na ons uiterlike gekyk nie, hoekom sal ons nou anders optree? Die Heilige Gees gee hier deur Jakobus aan ons die opdrag om Hom na te volg en om onvoorwaardelike liefde aan elkeen te betoon. Onthou, ‘n mens kan nie ‘n ander se gesig in die grond druk sonder om saam met hom in die stof te lê nie. Kom ons staan op uit die stof! Kom ons maak saam as kerke die almagtige en onbegryplike groot liefde van God aan almal bekend!

Ds NJ Grönum (Gobabis)